

# RAAKPUNTE TUSSEN STREEKGESKIEDENIS EN PLEKNAAMKUNDE\*

Dr. A.G. Oberholster

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

In die beoefening van hulle onderskeie dissiplines is die streekhistorikus en die pleknaamkundige voortdurend bewus van raakpunte tussen hulle studieveld. In die praktyk is daar eintyd geen onduidelikheid oor elkeen se terrein nie en is daar inderdaad weinig sprake van oorvleueling. Die streekhistorikus se taak is immers om die ontplooiing van 'n bepaalde ruimtelik afgebakende mensegemeenskap en die omringende kultuurmilieu na te vors en te beskryf. Die pleknaamkundige, daarenteen, maak 'n studie van geografiese eiename met die doel om die oorsprong en onderliggende leksikale betekenis daarvan vas te stel en uiteindelik onomastiese patron te identifiseer.<sup>1</sup>

By nadere ondersoek blyk dit duidelik dat die verband tussen streekgeskiedenis en pleknaamkunde op veel meer as toevallige raakpunte berus; dat dit inderdaad 'n diepgewortelde verwantskap is wat teruggevoer kan word tot die ontstaansperiode van die twee moederwetenskappe, geskiedenis en filologie, wat so na aan mekaar gefunksioneer het dat daar by tye onderling oor terreinafbakening getwis is.<sup>2</sup>

As in gedagte gehou word dat sowel die geskiedenis as die taalwetenskap, veral historiese taalkunde, in groot mate met rekonstruksie te doen het, is dit te verstane dat hulle plek-plek op dieselfde terrein sal beweeg — te meer so as hulle in die rekonstruksieproses dikwels op dieselfde soort bronne aangewys is. Wat in die algemeen van geskiedenis en filologie waar is, is in veel groter mate direk van toepassing op hulle aftakkinge streekgeskiedenis en pleknaamkunde. Die ooreenkomste tussen laasgenoemde twee terreine val byvoorbeeld duidelik op wanneer die bibliografieë van pleknaamstudies en streekgeskiedenis bestudeer word. Sowel die pleknaamkundige as die streekhistorikus leun ook swaar op vroeë reisbeskrywings, plaaslike geskiedenis, dagboeke en publikasies met 'n volkekundige strekking.

In sy poging om die verlede of 'n bepaalde aspek van die verlede te rekonstrueer, is die historikus op bronne aangewys wat, in die eerste plek, direkte oorblyfsels is van gebeurtenisse in die verlede (Überreste) en, in die tweede plek, van berigte wat op die een of ander manier kommentaar lewer op dit wat gebeur het (tradisie). Omdat Überreste objektiewe getuienis van die verlede bevat en nie aan verdraaiing onderhewig is nie, is dit vir die historikus uit die aard van die saak die betroubaarste bron. As daar vasgestel is dat die materiaal eg is, word dit deur die historikus as gesaghebbende getuienis aanvaar. Met tradisie is dit egter anders gesteld want dit bevat getuienis wat deur die subjektiewe tussenkoms van die mens beïnvloed is. Voordat dit as getuienis gebruik kan word, moet dit deur historiese kritiek ondersoek word ten einde die betroubaarheid daarvan te kontroleer.<sup>3</sup>

Die stoflike en nie-stoflike oorblyfsels van die verlede is uiteenlopend en sluit in menslike gebruike en instellings wat hulle handhaaf te midde van allerhande nuwigthede. Van al die oorblyfsels is taal waarskynlik die belangrikste en veelsydigste. Dit het historici taamlik lank geneem om taal as die oudste, betroubaarste en mees onuitputlike bron van historiese kennis te identifiseer en te benut. Om taal as bron te erken, moes eers erken word dat taal self 'n historiese produk is wat saam met volke ontstaan, ontwikkel en verander het, en dat taal die me-

dium is waarin die volk se eienaardighede en verwantskappe, opvattinge en gewaarwordinge, kennis en belewenisse opgevang en oorgelewer is.<sup>4</sup>

Die bydrae wat taal en die intensiewe bestudering daarvan ten opsigte van die kennis van die verlede kan maak, en dan veral ten opsigte van die inligting wat deur die bestudering van plekname oor die oernaamgewers en hulle tydsomstandighede ingewin kan word, het nie ongemerk en ongewaardeerd gebly nie. W.P. Powell het by geleentheid sekere besware teen die bestudering van plaaslike geskiedenis geopper, onder meer dat die geskiedenis in sommige, selfs baie, gevalle nie geskryf kan word nie omdat wat hy *essential records* noem, verlore gegaan het. H.P.R. Finberg, een van die baanbrekers op die gebied van Engelse plaaslike geskiedenis, se veelseggende reaksie hierop was: "The objection that for many local communities the 'essential records' may be missing makes one wonder what records Mr. Powell regards as essential. The smallest village has a name; so have its farms and fields; and modern place-name study has shown how much can be learnt about the pattern of early settlement from this source."<sup>5</sup>

Nicholas Gould sluit hom hierby aan as hy plekname beskryf as "living fossils" of history, still current hundreds or even thousands of years after the people who first used them, have died and been forgotten."<sup>6</sup> Friedrich Maurer weer wys op die betekenis wat plekname het ten opsigte van volkskunde en nedersettingsgeskiedenis, Jacob Grimm verklaar dat as die verlede nog èrens in die hede spore nagelaat het, dit in die benaming van plekke is, en Wolfgang Kleiber tipeer die pleknaam as 'n stuk verlede wat in die hede voortleef.<sup>7</sup>

Dit is egter nie net in Europa dat plekname as potensiële bron van historiese kennis erken en waardeer word nie. S.A. Louw het by geleentheid lirieë oor die Suid-Afrikaanse plekname geraak en gesê: "As 'n mens 'n aanvoeling ontwikkel het vir ons name, vir die wyse waarop ons voorgeslagte hulle nuwe omgewing beskou en benoem het, dan voel jy dadelik of 'n naam reg is of nie ... Kyk net hoe is die plaaslike geskiedenis dwarsoor die hele land, die lief en leed van ons mense in hierdie deel

1. Vgl. ook P.E. RAPER, *Pleknaamkundige praktyk* (Pretoria, 1975), p.1.
2. W. BAUER, *Einführung in das Studium der Geschichte* (Frankfurt a. M., 1961), p.39.
3. E. BERNHEIM, *Lehrbuch der historischen Methode und der Geschichtsphilosophie* (New York, 1970), pp.465–466.
4. *Ibid.*, p.468.
5. H.P.R. FINBERG en V.H.T. SKIPP, *Local history: objective and pursuit* (Newton Abbot, 1973), pp.38–39.
6. N. GOULD, *Looking at place names* (Homewell, 1978), p.11.
7. S. STRYDOM, Enkele gedagtes oor die pleknaamstudie, *Hertzog-Annale* 6(10), Desember 1959, p.59.

\*Referaat gelewer tydens die eerste kongres van die Naamkunde-Vereniging van Suider-Afrika in Durban op 20 en 21 April 1982.

van ons taal vasgelê. Die name is soos historiese monumente wat daar staan, elkeen op sy plek."<sup>8</sup>

As gevolg van die onbetwiste verwantskap tussen streekgeskiedenis en pleknaamkunde, is dit vanselfsprekend dat die twee dissiplines mekaar as hulpwetenskappe sal beskou. Daar is egter 'n wesenlike gevaar in hierdie samewerking want naas genealogie is plaaslike geskiedenis en pleknaamkunde van die aantreklikste stokperdjies vir lekenavorsers en is baie van die navorsingsresultate nie wetenskaplik betroubaar nie. Daarmee word nie voorgegee dat lekenavorsers onwelkom is of die belangrike bydrae wat hulle reeds gemaak het, ontken nie.

Dit is egter noodsaaklik dat die streekhistorikus met groot omsigtigheid te werk moet gaan wanneer hy van pleknaamkundige gegewens gebruik maak of homself aan pleknaamkundige interpretasies waag. As hy homself nie behoorlik in die beginsels en tegnieke van die dissipline geskool het nie, is dit veiliger om die hulp van 'n goed-onderlegde pleknaamkundige in te roep. W.G. Hoskins, wat as die vader van wetenskaplike Engelse plaaslike geskiedskrywing bestempel kan word, het gewaarsku: "In no field is guesswork so dangerous as that of place-names. The expert is not invariably right, but one should have a good reason for differing from him in the interpretation of a name."<sup>9</sup>

Die pleknaamkundige wat hom op die geskrewe geskiedenis beroep om hom behulpsaam te wees met die herkoms en uitleg van 'n pleknaam, moet eweneens omsigtig te werk gaan want heel dikwels word verdigself gesaghebbende as waarheid aangebied. Een van die bekendste voorbeelde hiervan is die beweerde oorsprong van die naam *Libertas*, plaas van die bekende Kaapse vryburger, Adam Tas. Iewers in die verlede het 'n skrywer die afleiding gemaak dat Adam Tas na sy vrylating uit die Kasteel (in 1707) waar hy vir 'n geruime tyd in opdrag van W.A. van der Stel aangehou is, sy plaas tot *Libertas* herdoop het om sy herwonne vryheid te gedenk. Hierdie afleiding het sy weg na verskeie publikasies, onder meer geskiedenis-handboeke wat in skole gebruik word, gevind. Volgens *SESA* sou Tas teruggekeer het na sy plaas, "called *Libertas* — 'Tas is free'."<sup>10</sup>

In die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* word soos volg na Tas se vrylating verwys: "Van daardie dag af noem T(as) sy plaas naby die Kaapse ingang van Stellenbosch met netjiese woordspeling op sy naam en sy nuutverworwe vryheid 'Libertas', die naam wat dit nog dra."<sup>11</sup> Dat hierdie verklaring vir die herkoms van die naam *Libertas* hom nog nie laat verdring het nie, spreek boekdele vir ons voorliefde vir die dramatiese, want in 1970 reeds het Leo Fouché daarop gewys dat die naam sy oorsprong by die vryburger Jan Cornelius gehad het.<sup>12</sup> Volgens J.C. Visagie het die betrokke plaas reeds in 1689 as *Libertas* bekend gestaan en het ons nie die naam aan Adam Tas te danke nie, maar aan die "eerste eienaar Jan Cornelisz. alias Jan Bombam wat dit waarskynlik so gedoop het ter herdenking aan die verwerwing van sy vryburgerstatus. (Die Latynse woord vir 'vryheid' is *Libertas*)." In 1690 het Hans Jurgen Grimp die eienaar van *Libertas* geword. Eers na Grimp se dood het Adam Tas die eienaar van *Libertas* geword toe hy met die weduwee Grimp getroud is.<sup>13</sup>

Alhoewel ek nie 'n gesaghebbende mening kan uitspreek oor die mate waarin Suid-Afrikaanse pleknaamkundiges van historiese en streekhistoriese gegewens gebruik maak nie, wil dit tog voorkom of hulle veel verder

daarmee gevorder het as die Suid-Afrikaanse streekhistorici met die ontginning van pleknaamkundige gegewens ten behoeve van streekgeskiedenis. Kortom, hier te lande word plekname en pleknaamkundige gegewens nog nie as belangrike hulpmiddels deur die streekhistorikus beskou nie. Die belangrikste redes hiervoor is waarskynlik (1) onkunde oor plekname as potensiële kennisbron en (2) onvermoë om die kennis wat in plekname as "living fossils" vasgevang is, te ontsluit.

Waarvan, in die eerste plek, is plekname dan 'n potensiële kennisbron vir die streekhistorikus? Om die vraag te beantwoord, moet eers weer gelet word op die taak van die streekhistorikus, naamlik om die ontplooiing van 'n ruimtelik afgebakende mensegemeenskap en die omringende kultuurmilieu na te vors en te beskryf, of soos Michael Reed dit stel, om 'n studie te maak van "the growth and development, and perhaps also the decline and fall, of a community at less than national level, from the remotest period of pre-history down to the present day."<sup>14</sup>

Wanneer die mens 'n gebied beset of verower, vind hy dit as kultuurwese in die reël onmoontlik om met die natuuromgewing of die bestaande kultuuromgewing te harmonieer voordat hy dit nie in 'n simpatieke kultuuromgewing omgeskep het nie. Dikwels gaan hierdie herskeppingsproses gepaard met 'n dramatiese ingreep op die bestaande orde, want in die omwenteling word die natuurlandskap of die andersoortige kultuurlandskap in 'n eiesoortige kultuurmilieu verander. In die verowering-situasie waar een kultuurgroep 'n ander uitwis of oorheers, is daar dan sprake van kultuuruitwissing of kultuurvermenging. In sowel primitiewe as meer ontwikkelde gemeenskappe is dit egter gebruiklik om name aan plekke te gee omdat dit kommunikasie tussen mense bevorder. Om plekname in 'n kultuurvermengingsituasie te verander, is normaalweg nie gewild nie omdat dit verwarwing in die hand werk. Gevolglik is plekname een van die kultuurprodukte wat groot weerstand teen kultuuromwentelings bied. Daarom dan ook dat plekname 'n belangrike bron van inligting is oor historiese tydperke waarvoor inligting uiters beperk is of waarvoor geen geskrewe bronne bestaan nie. Wat dit betref, verstrekte plekname dieselfde soort inligting as wat deur argeoloë uit hulle opgrawings van historiese terreine afgelees word, sodat "the study of place-names is in many ways as fascinating and as valuable historically as that of archeology."<sup>15</sup>

Sonder om breedvoerig daarvoor uit te wei, wil ek 'n aantal terreine aantoon waarop plekname direk of indirek kommentaar lewer:

(1) Omdat plekname moeilik uitgewis word, bly dit voortbestaan (soms in byna onherkenbare vorm as gevolg van die verwerende werking van vertaling, vermenging en

8. *Ibid.*, p.66.

9. W.G. HOSKINS, *Fieldwork in local history* (Londen, 1968), p.77.

10. *Standard encyclopaedia of Southern Africa 10* (Kaapstad, 1974), p.427.

11. W.J. DE KOCK en D.W. KRUGER, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Kaapstad, 1972), p.750.

12. L. FOUCHÉ, *Dagboek van Adam Tas, 1705–1706* (Kaapstad, 1970), pp.90–91.

13. J.C. VISAGIE, *Grensverskuiwings van en belangrike plase in die Stellenbosse distrik* (ongepubliseerde referaat gelewer op 12 Oktober 1979 tydens die Streekkonferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging by die Universiteit van Stellenbosch), pp.4–5.

14. M. REED, *Local history today: current themes and problems for the local history library*, *Journal of librarianship* 7(3), Julie 1975, p.163.

15. GOULD, *op. cit.*, p.11.

volksetimologie) lank nadat die oernaamgewers van die toneel verdwyn het, om kommentaar te lewer op die naamgewers. Uit die plekname kan verskeie afleidings gemaak word, byvoorbeeld die ras waaraan hulle behoort het, die taal wat hulle gepraat het en die struktuur van die samelewing waarvan hulle deel was. Volgens Gould is 'n pleknaam "not merely linked with a real place: it is an item, generally the first item in the history of that place. It provides us with information about the early inhabitants — their race, beliefs or way of life."<sup>16</sup>

(2) Deur 'n vergelykende studie van plekname in 'n bepaalde gebied of streek te maak, was dit al moontlik om afleidings te maak ten opsigte van die groepe wat daar gewoon het, en dan nie net wat hulle teenwoordigheid betref nie maar ook ten opsigte van hul geografiese verspreiding. Wes-Europese plekname dui ondubbelsinnig op die wydverspreide teenwoordigheid van die Keltiese ras (wat neerslag gevind het in rivier- en stadsname, onder meer die *Ryn*, *Parys*), die Grieke (*Nice*, *Antibes*), Semiete (*Cadiz*), Romeine (*Saragossa*, *Cologne*) en Germane.<sup>17</sup> 'n Studie van Engelse plekname werp interessante lig op die opeenvolgende bewoners, invallers en besetters van die Britse Eilande.<sup>18</sup> Baanbrekerswerk in dié verband is reeds in die jare sewentig van die vorige eeu deur W. Arnold van Duitsland gedoen in sy werk *Ansiedlungen und Wanderungen deutscher Stamme besonders nach hessischen Ortsname* (1875).<sup>19</sup>

(3) Beskrywende plekname lewer dikwels openbarende kommentaar op die natuurlandskap soos dit deur die naamgewers aangetref is. Hierdie inligting kan vir die streekhistorikus van groot betekenis wees want met die verbygaan van eeue ontwikkel 'n kultuurlandskap, onder meer as gevolg van dreinerings, bebossing, ontbossing en ander aktiwiteite wat met die agrariese kultuur in verband staan, waardeur die natuurlandskap dermate verander dat dit nie meer herkenbaar is nie. Onder natuurlandskap soos dit in plekname neerslag vind, word nie net bodemgesteldheid verstaan nie, maar ook ander dinge wat daarmee saamhang. Dus, naas aanduidings van vlaktes, vleie, moerasse, rante en heuwels ook die aanwesigheid van spruite, riviere en fonteine, van die plantegroei en die dierlewe.<sup>20</sup> Let byvoorbeeld op die volgende beskrywende plaasname in die distrik Malmesbury: *Kleinevalley*, *Diepkloof*, *Hollerivier*, *Swartberg*, *Elands Vley*, *Hartebeestfontein*, *Rheeboksfontein*, *Gemsbokskuil*, *Schilpadvalley*, *Boschgaasfontein* en *Lelyfontein*.

(4) Historiese gebeurtenisse word soms in plekname vasgelê. In sulke gevalle bevat die naam self nie genoeg besonderhede om die gebeurtenis te rekonstrueer nie, maar tog 'n aanduiding dat dit vir die historikus die moeite sal loon om ondersoek in te stel. Plekname soos *Vegkop* en *Bloedrivier* dui op besondere gebeurtenisse uit die Groot Trek, terwyl name soos *Moordkuil*, *Moordspruit* en *Moordenaarskop* ons herinner aan die bloedige kontak tussen Blank, Bruin en Swart in die pioniersfase van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.<sup>21</sup>

(5) Plekname weerspieël dikwels die rol wat 'n persoon, familie of stam in 'n dorp of streek gespeel het. Die Noordwes-Transvaalse dorp *Vredenburg* wat in 1852 aangelê is, het in sy naam die versoening tussen die Voortrekkerleiers A.H. Potgieter en A.W.J. Pretorius gedenk. In 1854 is die dorp herdoop tot *Pietpotgietersrust* ter ere van Pieter G. Potgieter, die seun en opvolger van A.H. Potgieter, wat in daardie jaar sy lewe verloor het tydens 'n strafekspedisie teen die Ndebele-hoofman, Mokopane

(Makapan). Hierdie naam is met verloop van tyd vereenvoudig tot *Potgietersrus*.<sup>22</sup> A.H. Potgieter self is in 1845 reeds vernoem in die Voortrekkerdorp *Andries-Ohrigstad* in Oos-Transvaal. Sy naam het egter verdwyn toe die dorp se naam tot Ohrigstad vereenvoudig is. Dit is ironies, want Ohrig was 'n onbelangrike Hollandse koopman wat so vereer is omdat hy die Voortrekkers goedgesind was.<sup>23</sup>

(6) Reeds sedert die vroegste tye bevat plekname aanduidings van die aktiwiteite van die gemeenskap, veral ekonomiese aktiwiteite soos die bewerking van die grond, die veeteelt,<sup>24</sup> die jag op wilde diere, nywerheids- en mynontwikkeling. Die streeknaam *Riemland* (Noordoos-Vrystaat) dui op die groot hoeveelhede wild wat daar voorgekom het en geskiet is vir hulle velle, wat in rieme opgesny is.<sup>25</sup> Dorpsname in die distrik Postmasburg verwys direk na mynboubedrywighede, byvoorbeeld *Lime Acres* (kalkontginning) en *Manganore* (ontginning van mangaan). In plaasname soos *Ploegfontein* (distrik Postmasburg) en *Veepos* (distrik Ngotshe) is ondubbelsinnige verwysings na boerderyaangeleenthede.

Met hierdie paar voorbeelde is haas nie alles gesê oor die bydrae wat plekname tot ons historiese kennis en insig kan maak nie. Dit is egter nodig om duidelikheid daaroor te kry dat plekname nie altyd tot groter kennis en insig bydra nie, maar dikwels die oorsaak is van verwarring. Dit is waarskynlik aan veral twee faktore toe te skryf, naamlik (1) onegte naamgewing (2) onjuiste uitleg van plekname.

(1) Met onegte naamgewing word bedoel die toeken van name wat op geen direkte wyse betrekking het op die plek of die bewoners daarvan nie. Dit kom voor wanneer mooi klinkende name toegeken word, byvoorbeeld *Excelsior*, of wanneer 'n naam van een plek om sentimentele of ander onbekende redes op 'n ander oorgedra word, soos *Florida*. In sommige gevalle is die herkoms en betekenis van 'n naam bekend, byvoorbeeld *Ermelo* in Oos-Transvaal, maar dan hou dit weinig of geen verband met die plek wat dit benoem nie.

(2) Die onjuiste uitleg van plekname kom baie algemeen voor. Wanneer 'n historikus dan na aanleiding van 'n verkeerde uitleg van 'n pleknaam afleidings begin maak, kan dit hom heeltemal op 'n dwaalspoor laat beland. In Suid-Afrika met sy groot taleverskeidenheid is dit uit die aard van die saak moeilik om byvoorbeeld vas te stel watter taal gebruik moet word om by die oorspronklike betekenis van 'n pleknaam uit te kom. Historici moet hulle dus steeds versigtig waag aan plekname as historiese bron, en wanneer hulle dit wel doen, gebruik maak van die navorsingsresultate van goedgeskoolde pleknaamkundiges.

Ten spyte van die probleme waarvoor die streekhistorikus in die benutting van pleknaamkundige gegewens te staan mag kom, is dit 'n terrein wat hy onder geen omstandighede onontgin durf laat nie. ■

16. *Ibid.*, p.15.

17. *Encyclopedia Britannica 15* (Chicago, 1969), p.1161.

18. GOULD, *op. cit.*, p.16 e.v.

19. BAUER, *op. cit.*, p.166.

20. *Ibid.*, p.165.

21. P.E. RAPER, Plekname in Suid-Afrika, *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 32(4), Oktober 1976, p.40.

22. P.J. NIENABER, *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek I* (Kaapstad, 1963), p.328; A.J. COMBRINK, *Eeufees Potgietersrus (1854—1954)* (Potgietersrus, 1954), pp.17—18.

23. NIENABER, *op. cit.*, pp.307—308.

24. BAUER, *op. cit.*, p.165.

25. NIENABER, *op. cit.*, p.340.